40 JAAR
NASIONALE EN GEMEENSKAPSNUUS
Maandag 22 Mei 2017
# Republikein
Jou land. Jou taal. Jou koerant.
NSG

» **Sekere werkgewers** se houdings 'onaanvaarbaar'

# Minimumloon vir almal op pad

**'n Spesialis het Namibië reeds besoek om ondersoek na 'n moontlike nasionale minimumloon in te stel.**

› Augetto Graig

Die ministerie van arbeid, nywerheidsbetrekkinge en werkskepping ondersoek die moontlikheid van 'n nasionale minimumloon.

'n Spesialis van die Internasionale Arbeidsorganisasie (ILO) het reeds die land hieroor besoek. Volgens die minister, mnr. Erkki Nghimtina, is dít nodig om uiterste armoede in die land te verminder.

Nghimtina het beklemtoon dit is nie 'n plaasvervanger vir kollektiewe bedinging nie. "Ons het reeds in die bou- en sekuriteitsbedryf minimumloonooreenkomste. Soortgelyke ooreenkomste moet die statutêre minimum oorskry," het hy gesê.

Die minister was aan die woord by die Namibiese Werkgewersfederasie (NEF) se jaarvergadering wat in Windhoek plaasgevind het.

Nghimtina het werkgewers aangemoedig om "die jeug te help om werk te kry".

"Sluit die informele en ongeskoolde ekonomie ook in. Verskaf ordentlike werk in Namibië sodat ons in harmonie stabiele arbeidsverhoudinge kan handhaaf."

Hy het gevra dat betrokkenheid by werkgewersorganisasies en vakbonde bevorder word, asook 'n begrip van wetlike regte en verpligtinge.

"Ons moet saam die uitdagings vir swartmense en gestremdes oorkom deur opleiding inklusief te maak en entrepreneurs te ondersteun," het hy gesê.

Die minister het voorts teen "te veel verteenwoordigende organisasies" gewaarsku.

"Fragmentasie van vakbonde is nie uniek nie. Onder werkgewers is daar soortgelyke neigings - veral wanneer hulle hul eie belang voor gemeenskaplike belang stel," het hy gesê.

Volgens die minister het sekere Namibiese werkgewers "onaanvaarbare houdings" en neem nie werkers se behoefte aan 'n vaste werk in ag nie.

"Hulle gebruik deeltydse en informele werk, sowel as lae vergoeding om vinnig geld te maak en dit kan tot arbeidsonrus lei. NEF moet 'n voorbeeld stel en ook na Suid-Afrikaanse kettingwinkels en buitelandse boumaatskappye uitreik."

Nghimtina het gesê werkgewers moet werkers vir insette vra oor hoe hulle 'n beter bydrae tot besigheid kan lewer.

Die gasspreker tydens die geleentheid, dr. Joseph Diescho, het intussen na die voorgestelde Nuwe Raamwerk vir Gelyke Ekonomiese Bemagtiging (NEEEF) verwys as "'n seun en 'n oorlogsugtige".

NA BL. 2



## ELSA DIE VARK EINTLIK 'N PERDEFLUISTERAAR

Van al die aandag is sy soms bietjie kamerasku, maar vir Elsa, die varksog van agt maande, is dit glad nie ongewoon om te help wanneer Queeny die perd haar oefenpassies moet vervolmaak nie. Elsa is 'n geliefde inwoner van 'n unieke sentrum aan die buitewyke van Hentiesbaai, wat van vark tot skaap huis noem. Sien volledige berig op **bl.3.** FOTO ANNELI ERASMUS

10 DAE VOOR
safe travel
tourism expo namibia & motor show
NEDBANK
NMH NAMIBIA MEDIA HOLDINGS
OLDMUTUAL

# Oorlog in Sirië wurg die robbedryf

› Des Erasmus

**Die oorlog in Sirië en die gespanne betrekkinge wat dit in sekere Europese lande geskep het, het die robverwerkingsbedryf van Namibië feitlik tot stilstand gedwing.**

Waarskynlik gaan nie 'n enkele robwelpie vanjaar in die omgewing van Kaap Kruis, noord van Hentiesbaai, geslag word nie.

Sou die toestand voortduur, kan dit verreikende implikasies vir Namibië se visverwerkingsbedryf inhou. Die jaarlikse kwota wat aan verwerkers toegestaan word, het gewoonlik op tussen 15 000 en 20 000 jong robbe gestaan. 'n Geskatte 8 000 bulle gaan wel geslag en verwerk word.

Die ineenstorting van die internasionale mark kan wel meebring dat verwante nywerhede na Namibië gebring word. Benewens pelsverwerking kan dít die plaaslike vervaardiging van roboliepille vir medisinale gebruik, die verwerking van robleer vir onder meer skoene en die fynere kuns van pelsverwerking insluit. Robmeel en selfs sekere vleissnitte kan ook plaaslik gelewer word.

"Ons werk daaraan," het die mnr. Gys Cilliers van Seal Products gesê.

Cilliers het gesê Turkye is die grootste koper van Namibiese robpelse.

"Ek wonder of Turkye vanjaar een enkele ru-pels in Namibië gaan koop. Dit was ons hoofmark, indien nie die enigste nie. Ons kan jong robbe nie net doodmaak vir doodmaak nie," het hy gesê.

Verwerkte robpelse is 'n weeldeproduk, het Cilliers gesê.



Die robkolonie by Kaap Kruis. FOTO ARGIEF

Volgens hom laat oorloë en gerugte van oorloë mense heel eerste op weeldeartikels bespaar. Van Turkye het die verwerkte pelse na lande soos die Oekraïne en Rusland gegaan. Onsekerheid as gevolg van oorlogswolke het die afsetgebiede feitlik uitgewis.

Cilliers is bekommerd oor die aanwas van robbe wat nou sonder enige belemmering voortgaan. Robbe is visvreters en oorbevolking kan die bestaande kommersiële visbronne skade berokken.

In belang van bronnebestuur het Seal Products op die oes van robbulle gekonsentreer.

Volgens Cilliers strook dit met aanvaarde landbounorme van hoe minder bulle, hoe kleiner aanwas.

Volgens hom gaan die ineenstorting van die mark ook gepaard met 'n doodse stilte aan die kant van internasionale versetbewegings teen die oes van robbe in Namibië.

"Ons het nie 'n woord van een van die instansies gehoor nie en nie een van die ouens se spioene gesien nie," sê hy.

## IN VANDAG SE KOERANT

### DIE MARK



MIGRASIEBELEID KOM VIR REISENDE WERKERS — BLADSY 13

ISSN 1560-9448
JAARGANG 40
NO. 115
9 771560 944004

UNAM UNIVERSITY OF NAMIBIA
FREE
2018 MATURE AGE ENTRY Now Online
Applications open 01 June - 07 July 2017: www.unam.edu.na/apply-to-unam/onlineapplication
Manual application is still available (application fee still applicable).
25 YEARS of Excellence
www.unam.edu.na
Open your mind

Nuus ▸ 2-7 | Praat saam ▸ 8 | Die Mark ▸ 13 | Motors ▸ 20 | Kleinadvertensies ▸ 23 | Sport ▸ 29